**Les 7 God gee vir ons die skepping as woning, ons gee nie vir God blyplek in ons hart of lewe plek nie.**

**1.God gee vir ons blyplek.**

Kom ons lees weer die vers in Genesis wat wys hoe is ons God se beeld: "[27] God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.[28] Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. (Genesis 1)

Ons het al gekyk hoe die Here ons aanstel om die aarde te bewerk. Vanoggend wil ons na die ander woord kyk in hierdie vers. Dit is die woord "bewoon".

Die Here gee aan ons as mense dat na Hy die aarde gemaak het die opdrag dat ons die aarde moet "bewoon."

Hierdie woord "bewoon" beteken "blyplek". Daarom gee die Here ons die opdrag om enige plek op die aarde te gaan bly en enige plek op die aarde ons blyplek te maak.

Hoekom die Here vir ons so opdrag gee is omdat Hy die aarde so gemaak het dat dit vir mense 'n baie goeie blyplek is.

2.**God het die hele skepping so gemaak dat die aarde vir ons 'n goeie blyplek gemaak het**.

Het julle al gesien of gedink wat doen 'n pa en ma wanneer hulle 'n babatjie gaan kry?

Hulle kry vir hulle baba 'n mooi blyplek gereed.

Hulle vat een kamer van die huis of woonstel en verf dit so mooi soos 'n babakamer moet lyk. Dan koop of maak hulle 'n bababed waarin die baba kan lê. Hulle koop vir die baba 'n mooi bababadjie waarin dit vir die baba maklik is om te bad. Hulle koop al die babaklere wat nodig is en sit dit in die kas in die babakamer. En dan koop hulle mooi prente en speelgoed en sit dit orals in die babakamer neer.

So, wat is daar as die baba kom?

Daar is 'n babakamer waarin die baba lekker kan bly!

Die Here wys ons in Genesis 1 dat dit is hoe hy ook vir ons blyplek gemaak het. Hy het die hele skepping met al die sterre, dit is galaksies en melkweë gemaak. Hy het ons son en sonnestelsel gemaak. Hy het die aarde met al die water, plante en diere gemaak.

Alles wat die Here gemaak het, was om vir ons 'n goeie blyplek te gee waar dit veilig en goed is om te bly.

Die son maak vir ons dag en nag sodat ons kan werk en slaap. Die aarde is vol plante wat ons 'n blyplek gee waar ons met al die suurstof wat plante maak lekker kan asemhaal en ook lekker kan eet.

Die aarde is 'n goeie blyplek vir mense met genoeg kos en water.

Die Here het die aarde en dalk ook al die ander planete in die skepping vir ons as 'n blyplek gemaak waar ons kan woon net waar ons wil.

**3.Koning Salomo bou 'n kerkgebou waar mense kan bid. Die tempel is nie God se blyplek nie.**

Wie gee vir ons blyplek?  God! Hy gee vir ons die aarde as blyplek.

Kyk wat wil mense wat nie in die Here glo nie graag doen! Ons sien wat hulle wil doen in die gebed wat koning Salomo bid nadat Hy die tempel in Jerusalem gebou het:

"[27]"Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het! [28]"Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar vandag tot U rig. [29]Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid. [30]Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel…" (1 Konings 8)

Die eerste kerkgebou wat vir die Here gebou is, het koning Salomo gebou. Hierdie kerkgebou het hulle 'n tempel genoem, maar dit is en was eintlik niks anders as 'n kerkgebou nie.

Kyk wat doen mense binne in die tempel: sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid. Wat doen hulle in die tempel of kerkgebou? Hulle bid. So die tempel is die gebou waar die gelowiges bymekaar kom om saam te bid vir die Here.

Maar kyk hoe begin hierdie koning sy gebed: "[27]"Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!"

Nou hoekom bid hy so snaaks?

Dit is omdat al die ander ongelowige en goddelose mense vir God blyplekke gebou het en nie 'n plek om te bid nie. Daarom verklaar koning Salomo dat sy kerkgebou is nie God se blyplek nie. Hy verklaar nog iets anders ook. Die hele skepping is nie God se blyplek nie. Daar is geen plek binne die skepping wat God se blyplek is nie.

Daarom verklaar koning Salomo: mense maak nie vir God blyplek nie. Hulle maak net geboue waar hulle bymekaar kan kom om God te aanbid met lofliedere, gebede en om te luister na die Woord van die Here.

4.**Regte of speel-speel blyplek?**

So wie het die hele skepping mense se blyplek gemaak? God! Hy maak sy skepping ons blyplek!

God het nie ’n blyplek soos mense nie. Daar is nie so blyplek vir God in die skepping nie en mense kan ook nie geboue bou waarin hulle vir God blyplek gee nie.

Mense is altyd met hierdie speletjie besig wat nooit regtig is nie: hulle wys waar God se blyplek is of gee vir God ’n blyplek.

Daarom het die mense geglo dat God se blyplek is by die son, of die sterre of op die wolke. God se blyplek is onder see of op die berge of in bosse. Dan moes hulle na hierdie plekke te gaan as hulle na God toe wou gaan.

Of hulle het elke keer vir God ’n blyplek gebou en dit God se tempel genoem.

Watter een is regtig en watter een is speel-speel?

Mense wat wys waar is God se blyplek of vir God ’n blyplek bou

of

God wat vir mense die hele skepping as ’n blyplek gemaak het?

God wat vir ons die aarde as blyplek gereed gemaak het, is regtig. Die ander is sommer net speel-speel.

**5.Mense speel nog vandag hierdie speletjie met God.**

Mense speel vandag nog hierdie speletjie met God, om te maak asof hulle vir God blyplek gee.

Kyk hoe doen hulle dit!

Hulle sê jy moet jou hart en lewe vir oopmaak sodat God binne in jou hart en lewe moet kom bly!

Kyk hoe snaaks glo hulle! Hulle glo God soek blyplek en Hy het nie blyplek nie. Daarom wil Hy binne in jou hart en lewe kom bly en jy moet jou lewe en hart God se blyplek maak.

Dan sal hulle sommer sê mense is God se tempel en daarom wil God binne in mense kom bly. Is die tempel God se blyplek of is dit ’n bidplek? Wat is ons hart en lewe? Is ons hart en lewe ’n bidplek of God se blyplek?

God is so anders en groot en magtig dat koning Salomo verklaar God kan nie eers in die heelal bly nie Dit is vir Hom te klein. Die hele skepping met al die galaksies en sonnestelsels in te klein om vir God ’n blyplek te wees! Nou dink mense jou lewe en hart is groot genoeg om God se blyplek te wees.

Dit is sommer speel-speel godsdiens wat glad nie die Here eer vir hoe groot en anders Hy as ons is nie.

Ons eer nie God om vir hom blyplek te gee nie. Ons eer God om Hom hele dag in gebed dankie te sê vir die wonderlike blyplek wat Hy vir ons gereed gemaak het om op mense te wees – die aarde!

God gee mense blyplek. Ons is sy beeld wat Hy in sy blyplek sit.

Mense gee nie vir God blyplek nie. Hy is nie ons beeld wat ons in ons lewe, hart of kerkgeboue sit nie.